

Rapport



Kop & Hart: 'n God wat gevrees moet word is geen God nie

Vrees kan nooit vrede, harmonie of liefde bewerkstellig nie.



Ommiblog: Ritalin vir rassiste

Rassiste ly moontlik in erge mate aan aandagafleibaarheidsindroom. Mense se velkleur versteur heel moontlik hul konsentrasievermoë.



Argiewe

[Nuus](#) [Sport](#) [Sake](#) [Opinie](#) [MyRapport](#) [Bylaes](#) [Koerante](#) [Verbruikersvasvat](#)

[Suid-Afrika](#) | [Wêreld](#) | [Weekliks](#)

Asha kry hulp ná leeu haar been morsaf byt

2012-05-19 23:45

CARIEN KRUGER IN PRETORIA

Elke renoster is 'n kleinood.

Asha kon haar nog nie teen leeus verdedig nie en daarom moes die mens ingryp om dié beseerde renosterkalfie van die Pilanesberg- Nasionale Park in Noordwes te red nadat sy erg beseer is in 'n leeu-aanval.

En Asha, wat "lewe" in Swahili beteken, het haar as 'n klein vegtertjie bewys. Dié versie van 70 kg is omtrent drie maande oud.

Sy is Woensdag by die Onderstepoort Veterinêre Akademiese Hospitaal van Tukkies se fakulteit veeartsenykunde geopereer nadat 'n leeu die femur in haar regteragterbobeen morsaf gebyt het.

Asha is middel Maart aangeval, maar haar ma kon blykbaar die leeus verwilder en het die kleintjie onder bosse ingesleep, sê Steve Dell, veldekoloog van Pilanesberg.

Die park het besluit om in te gryp weens die groot krisis met renosterstropery.

Dell sê die park het die laaste twee jaar 26 renosters weens stropery verloor, waarvan 7 bedreigde swartrenosters was.

Asha is na dr. Louis Greeff geneem, veearts van die Medivet- dierekliniek-en-wilddienste op Thabazimbi.

Volgens Greeff was sy "flenters gebyt".

Omdat sy nie gewig op haar been kon sit nie het hy 'n plaat ingeplant, maar hy moes dit weer uithaal weens die infeksie in die been.

Asha het mettertyd geleer om oor die weg te kom met haar beseerde been en het Reneé Jackson, van Greeff se praktyk, as haar nuwe ma aanvaar.

Jackson voer haar vier keer per dag 2 liter poeiermelk wat vir beeskalwers gebruik word en sy het die laaste drie weke 15 kg aangesit.

"Ons is so lief vir haar, sy is so saggeaard," het Jackson, wat saam met Asha Pretoria toe is, Dinsdag gesê.

"Sy dop graag om vir 'n krappie in die lies en huil as 'n mens loop."

Volgens Jackson het Asha Dinsdag op pad na Pretoria bygekom en op die agterste sitplek van die sportnutsvoertuig by die venster sit en uitkyk.

Drr. Gerhard Steenkamp en Johan Marais was die chirurge wat Woensdag twee skroewe en 'n plaat in Asha se bobeen ingeplant het.

[Artikelopsies](#) [Deel](#) [Kry Rapport op](#)



Reneé Jackson, 'n suster van Medivet- Dierekliniek en Wilddienste in Thabazimbi, voer Asha met poeiermelk. Die foto is geneem terwyl sy nog in Thabazimbi versorg is. | Foto: MEDIVET THABAZIMBI Asha staan in 'n kampie nadat sy die eerste keer 'n paar

[Foto's](#) · [Lesersfoto's](#) · [Nuus in Foto's](#)
[Stuur vir ons jou foto's](#) · [Stuur vir ons jou foto's](#)

[MEESTE GELEES](#) | [E-POS](#) | [KOMMENTAAR](#)

Tweeling by ander vrou ná 'moord'
Kar tref, sleep jong pa dood
Aktrise se vet tender
Oscar: Gil wys dalk op rusie
Dit is toe Zuma-TV

WEER		LOTTO	
Ksd:	11-17°C		Pta: 7-23°C
Jhb:	6-20°C		Bfn: 2-23°C
Dbn:	14-29°C		PE: 11-17°C
7-dag-voorspelling...			

[BETREKKINGE - VIND JOU DROOMWERK](#)

[EIENDOMME - VIND 'N NUWE HUIS](#)

[REIS - BESOEK, BESPREEK, LAAT WAA!](#)

Book now!

Spend 2 nights at Taj Cape Town and pay R3 849 per person sharing. The offer includes accommodation, return flights and car rental.



[TAJ CAPE TOWN](#)

[KALAHARI.COM - DOEN VANDAG JOU INKOPIES AANLYN](#)



Groot afslag! Kry tot 25% afslag op boeke, fliks, musiek en speletjies!



Kry tot 25% afslag op ons topverkopers! Aanbod geldig terwyl voorraad beskikbaar is. Koop nou!
Besoek [www.kalahari.com](#) vir miljoene boeke, musiek, DVD's, games & meer!

Rapport

Deel

Jou vriende beveel aan...

Volg Rapport

News24.com-netwerk

Meer

Steenkamp sê daar is min kennis van operasies op renosters, maar dit raak al hoe meer nodig.

“Ons leer almal saam.”

Die operasie is bemoeilik omdat die leeu byt infeksie veroorsaak en baie sagte weefsel van die spiere en vel verlore gegaan het.

“Boonop het die gebreekte been in verskillende rigtings getrek.”

Steenkamp sê renosters se dik, onelastiese vel maak dit boonop moeilik om 'n wond toe te kry.

Hy sê Asha gaan baie fisioterapie nodig hê en mettertyd sal gesien word of die beseerde been so goed soos die ander sal groei.

Steenkamp sê Greeff het ongelooflike werk gedoen deur “aan haar sy te sit en haar aan die lewe te hou”.

Asha word nou in 'n veilige plek versorg. Dell sê daar sal later oor haar toekoms besluit word, maar renosters wat deur mense grootgemaak is, pas weer goed in die natuur aan.

e-pos artikel Druk artikel KRY RAPPORT OP: Jou selfoon

DEEL: Yahoo Google Digg del.icio.us Facebook Twitter

[Lees Rapport se kommentaar beleid](#)

LEWER KOMMENTAAR OP HIERDIE ARTIKEL 4 reaksies

LEWER KOMMENTAAR

Kommentaar 1500 oorblywende karakters

 POS KOMMENTAAR



Philip Koen - Mei 20, 2012 om 01:31

[Kommentaarbeleid](#)

[Rapporteur](#)

Ai, dit lyk asof alles daarop uit is om die renosters uit te roei. Voorspoed en dankie aan die mense wat hul bes vir die diere doen.

38 0 [Antwoord Philip Koen](#)



Sunning.Linguist - Mei 20, 2012 om 07:45

[Kommentaarbeleid](#)

[Rapporteur](#)

@Philip - ja dit voel regtig so. Maar ten minste is hierdie een maar net die natuur en sou so gebeur het ongeag. Dankie vir veeartse wat moeite maak. Ek hoop klein Asha herstel volkome. Dit is lekker om net af en toe van 'n suksesvolle renoster verhaal te lees.

23 0 [Antwoord Sunning.Linguist](#)



Amanda van den Berg - Mei 20, 2012 om 10:43

[Kommentaarbeleid](#)

[Rapporteur](#)

Sterke met die baba, kyk mooi na haar. Asof dit nie erg genoeg is dat een van die geelmannetjies wat "SKOTVRY" afgekomp het in die hof met 'n vonnis van R200 000 of drie jaar tronkstraf nie, glo op 'n tegniese punt van die feit dat daar nog nie 'n DNA databasis van renosters is nie, speel die natuur ook nie altyd saam.

5 0 [Antwoord Amanda van den Berg](#)



Esmarie Prinsloo - Mei 21, 2012 om 07:40

[Kommentaarbeleid](#)

[Rapporteur](#)

Dit is 'n pragtige, positiewe storie... Klein Asha is die dierbaarste ding :-). Baie dankie vir almal wat na haar omsien se toewyding en harde werk.

3 0 [Antwoord Esmarie Prinsloo](#)

Ander stories in... Suid-Afrika...**Madiba tuis**

Verwarring oor waar presies Mandela (95) hom bevind, het Saterdagoggend ontstaan toe internasionale nuuskanale berig het die oudpresident is ontslaan.

Nee vir 'skep van modelkind'

'n Enkelopende Kaapstadse vrou wat al tien jaar sukkel om ma te word, vat die regering hof toe omdat die Kinderwet haar verhinder om 'n surrogaatbaba van haar keuse te hê.

'Waghond swak, maar nie skurk'

Selvs al lei ondersoek hom tot by die president, sal die nuwe hoof van die spesiale ondersoekendeheid (SOE) nie huiwer om die waarheid oop te vleek nie.

B I N N E R A P P O R T**Van Gucci tot gutter**

Hanlie gesels met Shaun Shelly – van sakeman tot hawelose. Nou: nuwe hoop.

Die nag kom nader

Is SA gereed om die belangrike besluite oor ons ekonomiese toekoms te neem?

Waar's die lente?

Wat het van die Arabiese Lente geword? Leopold Scholtz het gaan soek.

Muurmusketiers

Onder die 'gekke en dwase' is daar ook 'n paar wêreldse kunstenaars.

D I E N S T E**Blogs**

Jou opinie oor alles en almal.

**Kontak ons**

Stuur jou brief aan Rapport

**Subskripsies**

Teken in op Rapport

**RSS**

Nuus eenvoudig afgelewer

24.com

[Bepalings En Voorwaardes](#) · [Vennote](#) · [Adverteer Op Rapport.co.za](#) · [Adverteer In Rapport](#) · [Kontak Ons](#)

© 2013 24.com. Alle Regte Voorbehou.

